*Historia* 53,2, November 2008, pp 280-284

# Herinneringe: Diegene wat my besiel en beïnvloed het
—
# Reminiscences: Those who inspired and influenced me

## Menslike bakens langs my pad na die beoefening van geskiedswetenskappe

***O.J.O. (Cobus) Ferreira***

Op my boekrak staan ŉ eksemplaar van G. Jordaan se *Só het hulle gesterf! Laaste ure van diegene oor wie die doodvonnis uitgespreek en voltrek is in die Kaapkolonie gedurende die Oorlog van 1899-1902* (Kaapstad & Pretoria, 1940). Voor in die boek is Vaai, my pa, se handtekening en daaronder die jaartal 1940, wat ook my geboortejaar is. As tienerseun het ek hierdie boek op Opkomst in die Onder-Kouga saans by kerslig gelees en herlees terwyl die trane oor my wange geloop het. Ek het nie die gewilde seunsboeke van destyds gelees nie, want Vaai was van mening dat die geskiedenis veel interessanter as verbeeldingsvlugte van romanskrywers is. En hy was natuurlik reg! Vaai was nie ŉ geleerde man nie, maar slim en veral in die geskiedenis en godsdiens wydbelese. Terwyl ander kinders se ouers hulle see toe geneem het, het my ouers my en my suster Philna dikwels op landreise geneem om historiese slagvelde en monumente te besoek. So was ek en Philna op een so ŉ reis haastig om by Durban se strand uit te kom, maar eers moes ons onder meer Amajuba uitklim en die slagveld van Bloedrivier onderweg besoek.

Van sub A tot standerd V was ek in ŉ eenman plaasskool waarvan Moei, my ma, die onderwyseres was. Sy was ŉ uitmuntende storieverteller en het oor die vermoë beskik om die geskiedenis vir die kinders van hierdie afgeslote kontrei lewend te maak. Ek dink dat my belangstelling in die Portugese in die plaasskooltjie op Braamrivier begin het toe sy vir ons van die vreeslike ontberings op die skepe van Dias en Da Gama vertel het. Sy het ons aan haar lippe laat hang wanneer sy ons vertel het hoe die Voortrekkervroue en -kinders die sannas tydens die slag by Bloedrivier vir die Voortrekkermans gelaai het, wat – soos ek eers baie later sou uitvind – natuurlik histories onjuis was. Ook die vroue wat tydens die Groot Trek bereid was om "barrevoets" (ja, sy het dié woord gebruik) oor die Drakensberge te trek, het ons verbeelding aangegryp.

In 1955 het Vaai besluit dat hy moeg is van die gesukkel op die plasie en het ons gesin deel van die verstedelikte Afrikaners in

Port Elizabeth geword. Die stadsliggies en al die vreemde dinge was net te wonderlik, maar vir ŉ naïewe en in vele opsigte onskuldige plaaskind, was die aanpassing in ŉ stadskool met sy wêreldwyse leerlinge ontsenuend. Gelukkig was daar in Hoërskool D.F. Malherbe ŉ geskiedenisonderwyser, mnr. Daan Malherbe, wat die ontredderde plaasseun raakgesien het. Op ŉ dag het hy gesê ek moet na die klas agterbly. Vreesbevange het ek dit gedoen, maar daardie dag was ŉ keerpunt in my lewe. Mnr. Malherbe het vir my gesê dat ek nie minderwaardig teenoor die stadskinders moet voel nie, dat ek in vele opsigte juis kultureel ryker as hulle is en dat ek met hom moet praat as ek probleme het. Dáár het ŉ band tussen leerling en onderwyser ontstaan wat later jare in ŉ hegte vriendskap ontwikkel het. Daan Malherbe was ŉ opvoeder van die hoogste orde en dat ek besluit het om Geskiedenis een van my hoofvakke te maak, kan ek direk na sy invloed op my lewe as hoërskoolkind terugvoer.

Dit het nogal mode geword om smalend na prof. A.N. Pelzer te verwys asof hy dan nie genoeg gepubliseer het nie en asof hy te Afrikaner-nasionalisties was. Dit mag alles waar wees, maar van al my geskiedenisdosente was hy die leermeester wat sy kennis die beste kon oordra – en dit sonder enige aantekeninge voor hom! Daarbenewens was hy een van die hoflikste en beskaafste dosente wat ek ooit geken het. Ek vermoed dat ek die laaste student was wat onder sy leiding ŉ M.A.-verhandeling geskryf het, want toe ek dit in 1970 voltooi het, was hy reeds hoof van die Akademiese Administrasie en registrateur van die Universiteit van Pretoria. As studieleier was hy besonder simpatiek, maar in my geval moes hy miskien my bruisende Afrikaner-nasionalisme, wat veral in die laaste hoofstuk van my verhandeling neerslag gevind het, ietwat getemper het.

Na ŉ mislukte onderwysloopbaan op Lichtenburg, is ek in 1965 as die eerste vakkundige beampte by die Oorlogsmuseum in Bloemfontein aangestel. Die destydse direkteur was mnr. B.H.J. (Oom Ben) van Rensburg, wat dié museum manalleen in 1931 begin het. In daardie beginjare was hy in die bevoorregte posisie om met voormalige betrokkenes by die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), soos bittereinders, Boerekrygsgevangenes en Boerevroue en -kinders wat in die konsentrasiekampe was, onderhoude te voer. Lank voordat mondelinge oorlewering die modewoord in geskiedenisbeoefening geword het, het Oom Ben dus by my die belangrikheid en noodsaak daarvan ingeprent.

By mev. Kotie Roodt-Coetzee, destydse direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria en doyenne

van kultuurhistorici en museumkundiges in Suid-Afrika, het ek geleer dat die voorwerp ook ŉ dokument is en dat ŉ eenvoudige matjieshuis in Namakwaland vir die kultuurhistorikus net so ŉ belangrike dokument is as die sierlike Kaaps-Hollandse gewelhuise in die Boland. Vir haar was die voorwerp as dokument op ŉ gelyke vlak met die geskrewe dokument; ŉ siening waaraan baie historici – ten onregte – maar bra langtand byt.

As vakkundige onder mev. Roodt-Coetzee het ek met ŉ medevakkundige, (die latere prof.) L.J.S. (Louis) Changuion, kennis gemaak. Ons was nie alleen goeie kollegas nie, maar het ook boesemvriende geword. Saam het ons as betreklik onervare museumkundiges proefondervindelik die geheime en slaggate van veldwerk tydens navorsingsreise in Boesmanland en Namakwaland ontdek. In gesprekke met Louis oor die vak Geskiedenis, is daar een deurlopende goue draad wat my bybly; sy drang om sy kennis van die geskiedenis op ŉ onderhoudende wyse deur praatjies, lesings, rondleidings, staptogte, asook radio- en televisie-optredes aan die massas oor te dra. En met sy voorkoms en charisma slaag hy natuurlik uitmuntend daarin. Bowendien ken ek geen ander Suid-Afrikaanse historikus wat hom so geesdriftig vir die oprigting van kontreimonumente beywer nie.

As navorser in die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN, het ek beslis meer aangaande geskiedskrywing geleer as tydens my voor- en nagraadse universiteitsopleiding. As hoof van die Afdeling Bronnepublikasies het ek dáár veral die waarde van egodokumente as navoringsbron vir die historikus leer ken. Dr. C.M. (Cas) Bakkes was die bekwame en besielde direkteur van die instituut en het rondom hom ŉ uitmuntende span jong geskiedenisnavorsers versamel wat elkeen later in eie reg sy plek in die geskiedenisgemeenskap volgestaan het – mense soos prof. J.P.(Japie) Brits, dr. A.G. (Arie) Oberholster, dr. C.C. (Callie) Eloff, mev. Thariza van Rensburg en prof. André Wessels. Die spangees binne die instituut was goed, maar jy het ook geweet dat jou kollegas jou skerpste kritici was en dat hulle nie middelmatigheid sou duld nie. Dit was jare van onderlinge slyp en skaaf waarvoor ons almal nie dankbaar genoeg kan wees nie.

Japie Brits en ek het as kollegas in die Instituut vir Geskiedenisnavorsing saam-saam besluit om met ons doktorale studie te begin, op dieselfde dag by Unisa daarvoor ingeskryf en ook by dieselfde gradeplegtigheid in 1978 ons grade D.Litt. et Phil. verwerf. In die jare wat ons hiermee besig was, het ons mekaar wedersyds geïnspireer, metodologiese probleme met mekaar bespreek en was daar ook ŉ

gesonde wedywering tussen ons. Prof. M.C. (Thys) van Zyl was my promotor en ek het steeds die hoogste waardering vir sy kritiese, maar simpatieke lees van my proefskrif. Die klem wat hy op die gebruik van suiwer Afrikaans geplaas het, bly my steeds by.

Van die RGN is ek na die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria, bestaande uit prof. P.G. (Piet) Nel, dr. J.C. (Celestine) Pretorius en mej. Marié van Heerden. Omdat dit so ŉ klein departement was, was ons sterk op mekaar aangewese. Prof. Nel het my laat besef dat kultuurorganisasies in die lewe van ŉ kultuurgroep ŉ baie belangrike rol kan speel. Dr. Pretorius en mej. Van Heerden het my die waarde van prente as kultuurhistoriese dokumente geleer deur daarop te wys dat een illustrasie somtyds meer as ŉ duisend woorde kan sê. Vir dié insig sal ek hulle altyd dankbaar bly, met die voorbehoud dat altyd onthou moet word dat prente ook "onwaar" kan wees.

Met ŉ samesmelting van departemente aan die universiteit het die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis in 1988 tot stand gekom, met prof. J.S. (Johan) Bergh as hoof. Danksy prof. Bergh se diplomasie, het die samesmelting glad verloop. Sonder huiwering kan ek verklaar dat Johan Bergh van al my base (en ek het baie gehad) die hardwerkendste is en in daardie opsig vir my ŉ voorbeeld van toegewydheid aan sy vak gestel het. Ondanks al sy doseer- en administratiewe werk, is hy steeds ŉ produktiewe historikus wat werk van hoogstaande gehalte lewer. Ek was bevoorreg om in 1994 ŉ D.Phil.-graad (Kultuurgeskiedenis) onder die promotorskap van prof. Berg te verwerf. Wat my veral bybly, is sy beklemtoning van die betekenis en noodsaak van vergelyking in geskiedskrywing. Gesprekke met prof. Bergh oor die teorie en metodologie van Geskiedenis was altyd verrykend en het hopelik in my eie pennevrugte neerslag gevind. Sonder om die name van my kollegas in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis tot met my aftrede in 1998 in te ryg, verklaar ek hiermee dat elkeen van hulle deur gesprekke, deur hulle publikasies en gewoon deur hulle menswees my lewe en my siening van die vakke Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis beïnvloed en verryk het.

Betreklik laat in my lewe het ek prof. Schalk W. le Roux van die Departement Argitektuur aan die Universiteit van Pretoria ontmoet. Selde het ek iemand buite die kring van historici teengekom wat so ŉ aanvoeling vir die historiese as juis Schalk het. Die eerste keer dat ek dit agtergekom het, was toe ek as eksterne eksaminator vir sy voortreflike proefskrif oor ŉ argitektuur-historiese onderwerp opgetree het. Mettertyd

het ŉ hegte vriendskapsband tussen ons ontstaan, wat eventueel op gesamentlike navorsingsprojekte en publikasies uitgeloop het. Ek, die een wat veronderstel is om in die geskiedwetenskappe geskool te wees, moet erken dat ek ontsettend baie by Schalk le Roux omtrent my eie vakgebied leer vanweë sy anderse manier van kyk na historiese gebeure en sy anderse vraagstellings aan die verlede.

Bogenoemde persone het elkeen op sy eie, unieke wyse daartoe bygedra dat ek my lewe tot ŉ groot mate aan Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis gewy het. Dit was en is ŉ vreugdevolle toewyding en, danksy hulle, bly ek onderweg na sewentig steeds met my troetelwetenskap besig.